Private krag kán SA gou red

Maar dit gaan kos, 'want tekort aan goedkoop krag is bespotlik'

Jan de Lange,
Die pynlikste aanpassing vir Suid-Afrika se post-apartheid-ekonomie, mededingende kragtariewe, word môre verwag wanneer Eskom sy middeltermyn-tariefaansoek by die energiereguleerder Nersa bekend maak.
Mnr. Bobby Godsell, voorsitter van Eskom, het Vrydagoggend 'n aanduiding van die komende verhoging gegee toe hy Eskom se bestaande tarief van 33c per kilowatt-uur vergelyk het met die aansoeke van lisensies vir onafhanklike elektrisiteitprodusente – tussen 75c en 120c.
"Ek sien die aansoeke van private kragprodusente, hoewel ek sal verkies om dit nie te sien nie. Ek glo Eskom behoort niks te doen te hê met die lisensiëring van private elektrisiteitprodusente nie," het Godsell gesê.
Eskom-tariewe sal dus met tussen 127% en 264% moet styg voordat private kragprodusente in Suid-Afrika op die been kan kom – 'n stap wat ernstige gevolge vir groeivooruitsigte in die ekonomie sal hê en dalk die einde kan beteken van elektrisiteit-intensiewe bedrywe soos die vervaardiging van ferrochroom en aluminium.
Godsell het gesê 'n "sistemiese verandering" in die land se tariefstelsel is nodig om toekomstige kragvoorsiening te verseker.
"Dit is die enigste alternatief daarvoor om weg te kom van die bespotlike situasie om die goedkoopste elektrisiteit te hê, maar te moet erken dat ons voorraad opgeraak het."
Eskom het verskeie tariefscenario's voorgestel in die aansoek wat hy verlede week by Nersa, die nasionale tesourie en by die Vereniging van Plaaslike Owerhede (Salga) ingedien het.
Die voorstelle is die naweek aan die regering voorgelê en sal môre deur mnr. Jacob Maroga, uitvoerende hoof van Eskom, bekend gemaak word.
Een van die voorgestelde scenario's is glo dat tariewe aanstaande jaar reeds met 146% verhoog word sodat verhogings in 2011 en 2012 kleiner kan wees.
Dit sal dit moontlik maak om dadelik elektrisiteit-koopkontrakte met private kragprodusente te sluit sodat hulle met bouwerk aan nog sentrales kan begin.
Verskeie private elektrisiteitopwekkingsprojekte hang reeds sowat 'n jaar lank aan 'n draadjie weens onsekerheid oor die elektrisiteitstarief-struktuur.
"Soos sake nou staan, moet Eskom die verskil in tariewe opmaak. 'n Mens moet dus nie verbaas wees omdat private produsente nog nie op dreef gekom het nie," het Godsell op 'n ontbyt-vergadering van die Suid- Afrikaanse Federasie van Staal- en Ingenieursbedrywe (Seifsa) gesê.
Eskom moet 'n tekort van R80 miljard op sy kapitaalbestedingsprogram aanvul en sal in sy tariewe ook daarvoor voorsiening moet maak, asook vir meer gratis elektrisiteit wat aan arm huishoudings gelewer word om die uitwerking van die tariefverhogings op hulle te versag.

"Hierdie berig is n presiese weergawe van die berig wat in die koerant verskyn het. Regstellings rakende die berig is moontlik n□ie publikasie daarvan gedoen. Soek asseblief in die argief en/of ander nuusbronne vir moontlike regstellings om die nuutste inligting te bekom."
"This article represents the text exactly as it was published